2023 Voorgeskrewe letterkunde Graad 12

Gedig 9: Die Hanswors – S.J. Pretorius

Verskuns vir Eerste Addisionele Taal, bladsy 32-34

KONSEP

Gedig 9. Hanswors – S.J. Pretorius

1. Digvorm
2. Woordbetekenis
3. Analise
4. Tema en boodskap
5. Beeldspraak en stylfigure
6. Toon en stemming

Aktiwiteit 9

[Sarel Jacob Pretorius - Wikipedia]

Geboortedatum en -plek: Sarel Jakob Pretorius is op 7 Januarie 1917 in Postmasburg gebore. Hy verwerf in 1954 'n Honneursgraad in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand. Later verwerf hy ook 'n doktorsgraad aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in Nederland.

Letterkundige werke en prestasies: S.J. Pretorius het die Universiteit van Potchefstroom se Universiteitslied geskryf en 'n ere-toekenning vir sy bydrae tot die universiteit in 1993 ontvang. Hy was 'n Afrikaanse digter, joernalis, professor in Afrikaans- en Nederlandse Letterkunde en omroeper. Hy publiseer altesaam 15 digbundels gedurende sy loopbaan.

KONSEP

Die Hanswors

S.J. Pretorius

1. Oor sy afsigtelike boggel,
2. en kromheid, het hul hom gekoggel,
3. en bitterder was hul venyn
4. as sy vergroeide ruggraatpyn.



5. Tussen die diere in ’n hoek
6. het hy die eensaamheid gesoek:
7. “Met klere wat gedurig gaar is,
8. wat doen die vent met sy salaris?”

9. Hy’t maandeliks by die poskantoor
10. ’n brief gepos of een gelees
11. by die dierkratte, oor en oor:
12. “Sou daar tog êrens iemand wees?”

S.J. Pretorius
KONSEP

13. En daardie ewige reuk van drank:
14. nie een sou huil as hy bedank,
15. maar waar hy in die sirkustent
16. aapagtig teen die firmament,
17. hoog teen die takelwerk, kon klouter,
18. die dood uittart, en, klein kabouter,
19. sy duiwelstreke uithaal onder
20. dat almal skater vir die wonder,
21. is hy, hoeseer verag, verlate,
22. nog deur die baas beskou as bate.

23. Toe het 'n brief gekom eendag ...
24. Hy't oor die bed gebuk, verblind,
25. terwyl die boggelvroutjie, sag,
26. sterwend fluister: " Dankie my kind ..."



[Uit: *Album 60*, Human & Rousseau, 1960]

S.J. Pretorius
KONSEP

Opsomming

- As ’n mens na die titel van die gedig kyk, lyk dit of dit ’n snaakse gedig gaan wees wat mens gaan laat lag.

- In die eerste strofe lees ons egter dat die hanswors ’n vergroeide ruggraat het, wat veroorsaak dat hy altyd pyn het. Hy word deur sy kollegas (die sirkusmense) gespot oor sy boggelrug. Hierdie gespot maak die hanswors seerder as die pyn wat sy ruggraat veroorsaak.

- Volgens strofe 2 verkies hy om alleen te wees. Hy verkies om by die diere te wees wat hom nie kan spot nie. Hy word deur die kollegas beskinder. Hulle wonder wat doen hy met sy salaris, omdat sy klere altyd verwaarloos is.

KONSEP

Opsomming (vervolg)

- In strofe 3 lees ons dat hy wel elke maand ’n brief ontvang of een stuur, en sy kollegas kan die glo dat daar wel iewers iemand is wat vir die hanswors omgee nie. Hulle veroordeel hom steeds en beskinder hom, maar praat nie met hom nie.

- In strofe 4 sien ons dat hy moontlik ’n drankprobleem het, maar dat hy steeds baie goed in sy werk is. Sy kollegas sal hom nie mis as hy bedank nie, maar die sirkusbaas beskou hom as ’n bate wat geld inbring. Die mense kom sirkus toe omdat die hanswors hulle laat lag/amuseer.

- In strofe 5 kry die kollegas en die leser uiteindelik die antwoord op die vrae. Die leser kan aanneem dat die briefskrywer sy ma is. Die briewe was van en aan hom geskryf. Aan die einde bedank sy hom in haar sterwensuur. Nou weet die leser wat die hanswors met sy geld gedoen het.

1. Digvorm

Die gedig, *Hanswors,* bestaan uit 26 versreëls. Daar is 5 strofes. Strofes 1, 2, 3 en 5 is kwatryne met vier versreëls elk. Strofe 4 bestaan uit 10 versreëls ter wille van beklemtoning. Paarrym kom voor in strofes 1, 2 en 4. Kruisrym kom in strofes 3 en 5 voor.

3. Analise

Die **titel** verwys na ’n hanswors/nar.
Die lewe van die nar word gekenmerk deur gekskeerdery, dikwels ook ten koste van sy eie liggaamlike gebreke. Hierdie nar word deur ander mense bespot en geterg, want sy liggaam is abnormaal/misvormd.

Die Hanswors - S.J. Pretorius

1. Oor sy afsigtelike boggel,
2. en kromheid, het hul hom gekoggel,
3. en bitterder was hul venyn
4. as sy vergroeide ruggraatpyn.

r. 1: “afsigtelike” baie lelik om na hom te kyk
Die “boggel” is ’n groeisel op sy rug as gevolg van ruggraatvergroeiing.

r. 2: Sy kollegas het hom gespot omdat hy krom geloop het.

r.3: “bitterder”: slegter/onaangenamer/erger
“venyn”: Dis die lelike dinge wat hulle vir hom sê: gif/boosheid/lasterlikheid.

r.4: Die hanswors se ruggraat het skeef gegroei en dit het vir hom baie pyn veroorsaak.

Opsomming van Strofe 1

In die eerste strofe word die mense se reaksie van die hanswors beskryf. Sy kollegas sien hoe lelik hy is en praat daaroor. Hierdie reaksie maak hom seerder (gevoel) as die pyn wat hy die hele tyd ervaar.

r.5: Die hanswors verkies dit om by die diere te wees eerder as by sy kollegas.
Die diere “koggel” hom nie soos sy kollegas nie.

r.6: Hy verkies dit om tussen die diere te wees, eensaam en alleen.

5. *Tussen die diere in ’n hoek*
6. *het hy die eensaamheid gesoek:*
7. *“Met klere wat gedurig gaar is,*
8. *wat doen die vent met sy salaris?”*

r.7: Die kollegas se direkte woorde word aangehaal.
Hulle praat oor sy klere wat altyd stukkend is.

r.8: “vent”: die gebruik van hierdie woord beklemtoon hoe negatief sy kollegas oor hom voel. Dit wil voorkom of die kollegas so oor die hanswors onder mekaar praat (skinder).
Retoriese vraag.

Opsomming van Strofe 2

- In die tweede strofe word die hanswors se gemoedstoestand beskryf. Sy kollegas sien hoe stukkend sy klere is en praat daaroor.

r.9: “Hy’t” is die verkorting vir **hy het**. Hy het elke maand poskantoor toe gegaan.

r.10: Hy het “’n brief gepos”, of ’n brief ontvang.

r. 11: Die hanswors het die brief by die dierehokke gaan lees.
“oor en oor” beteken herhaaldelik.

9. Hy’t maandeliks by die poskantoor
10. ’n brief gepos of een gelees
11. by die dierkratte, oor en oor:
12..“Sou daar tog êrens iemand wees?”

r. 12: Weereens ’n retoriese vraag. Die kollegas wonder of daar regtig iemand kan wees wat vir die hanswors omgee.

Opsomming van STROFE 3

In die derde strofe word die hanswors se maandelikse besoek aan die poskantoor beskryf.

r.13: “ewige” beteken hy ruik altyd na drank/alkohol.
Hy het moontlik ’n drankprobleem. Dalk drink hy te veel om van sy pyn en hartseer te vergeet.

r.14: Sy kollegas sou nie hartseer wees as hy weggaan nie.

13. En daardie ewige reuk van drank:
14. nie een sou huil as hy bedank,
15. maar waar hy in die sirkustent
16. aapagtig teen die firmament,
17. hoog teen die takelwerk, kon klouter,
18. die dood uittart, en, klein kabouter,
19. sy duiwelstreke uithaal onder
20. dat almal skater vir die wonder,
21. is hy, hoeseer verag, verlate,
22. nog deur die baas beskou as bate.

r.15: “maar” is die wending.
As hy besig is met sy werk in die sirkustent, doen hy dit goed.

r. 16: Die binnedak van die sirkustent word vergelyk met die” firmament”, hoog teen die takelwerk. Die hanswors klim soos ’n aap, vinnig.

r.17: Al die rame en toue van die sirkustent. Hy klouter soos ’n aap hoog teen die raamwerk van die sirkustent



r.18: Die hanswors word ’n kabouter genoem omdat hy nie baie groot is nie. Hy doen gevaarlike toertjies. Hy daag die dood uit.

13. *En daardie ewige reuk van drank:*
14. *nie een sou huil as hy bedank,*
15. *maar waar hy in die sirkustent*
16. *aapagtig teen die firmament,*
17. *hoog teen die takelwerk, kon klouter,*
18. *die dood uittart, en, klein kabouter,*
19. *sy duiwelstreke uithaal onder*
20. *dat almal skater vir die wonder,*
21. *is hy, hoeseer verag, verlate,*
22. *nog deur die baas beskou as bate.*

r.19: Die hanswors is vol streke wanneer hy onder op die grond is. Hy doen allerhande dinge wat die mense laat lag.

r.20: Die mense wat sirkus toe kom, dink die hanswors is baie snaaks. Hulle lag almal hardop en lekker. Hulle is verwonderd oor alles wat hy kan doen.

r.21: Alhoewel hy deur die sirkusbaas as ’n bate beskou word, verafsku sy kollegas hom. Dit veroorsaak dat hy baie eensaam is.

r 22.Vir die baas van die sirkus is die hanswors baie waardevol (bate). Die mense wat sirkus toe kom, geniet die hanswors. Op hierdie manier maak die baas geld uit die hanswors.

Opsomming van STROFE 4

In hierdie strofe lees ons van die hanswors se werk by die sirkus. Hy doen sy werk goed. Dit is dalk ’n moontlike rede vir sy kollegas se “venyn”. Al is hy “afsigtelik”, laat hy mense lag. Die spreker gebruik weereens sintuiglike waarneming.

r. 23: Daar het ’n brief vir die hanswors gekom. Dit het inligting bevat dat sy ma/familielid baie siek is/besig is om te sterf.

r.24: Hy het na sy ma/familielid toe gegaan. Hy was “verblind” deur die trane dat hy haar nie kon sien nie.

r.25: Dit is sy ma/familielid. Sy het ook ’n boggel. Sy praat sag, omdat sy op haar sterfbed is/swak is/besig is om te sterf. Sy ma/familielid se laaste woorde was om haar seun te bedank.

23. Toe het ’n brief gekom eendag ...
24. Hy’t oor die bed gebuk, verblind,
25. terwyl die boggelvroutjie, sag,
26. sterwend fluister: “Dankie my kind ...”

r.26: Sy sê nie waarvoor sy hom bedank nie, maar die leser besef wat die moontlike redes is:
die hanswors was ’n goeie seun vir sy ma/familielid en hy het haar versorg; hy het sy salaris vir haar gestuur en hy het haar versorg.

r.26: Sy kollegas het nooit die waarheid besef nie, want hulle wou eerder skinder/lelik van hom praat. Hulle het nie moeite gedoen om hom te leer ken nie. Die mense van die sirkus het hom veroordeel (*judged him*).

Opsomming van STROFE 5

Die vyfde strofe vertel van ’n brief wat afgelewer is. Hier word die moontlike redes gegee vir die hanswors se vreemde optrede.

Tema en boodskap

•Die tema van die gedig is die vooroordeel van die hanswors se kollegas/uitbuiting van mense met gebreke. Dit gaan egter ook oor die liefde van ’n seun vir sy ma/familielid, asook die moeder/familielid se liefde vir haar seun.

•Die boodskap van die gedig is dat mense mekaar nie moet veroordeel nie. Daar is dalk ’n rede vir hulle snaakse optredes.

Beedspraak en stylfigure

r.2 : **Alliterasie**: herhaling van die h-klank.

Funksie: beklemtoon die hulle en die hanswors, die twee groepe mense in die gedig.

r.3 en 4: **Kontras**: Hulle venyn staan in kontras met die hanswors se pyn.

Funksie: Dit beklemtoon dat die kollegas se geskinder hom seerder maak as die pyn.

1. Oor sy afsigtelike boggel,
2. en kromheid, het hul hom gekoggel,
3. en bitterder was hul venyn
4. as sy vergroeide ruggraatpyn.

5. Tussen die diere in 'n hoek
6. het hy die eensaamheid gesoek:
7. "Met klere wat gedurig gaar is,
8. wat doen die vent met sy salaris?"

9. Hy't maandeliks by die poskantoor
10. 'n brief gepos of een gelees
11. by die dierkratte, oor en oor:
12. "Sou daar tog êrens iemand wees?"

r. 7-8: **Aanhaling**: Direkte woorde van sy kollegas.

Retoriese vraag: Hulle wonder onder mekaar wat die hanswors met sy geld doen. Hulle vra nie vir hom nie.

Die retoriese vraag wys weer op hulle venynigheid.

r.9: **Elisie**: verkorting van **hy het**.

r. 12: **Retoriese vraag**: Hulle wonder onder mekaar of daar tog iemand iewers is wat lief vir die hanswors kan wees. Hulle kan dit nie glo nie. Die retoriese vraag wys weereens op hulle venynigheid.

r.16: **Metafoor**: Die hanswors “klouter aapagtig” teen die takelwerk.

13. En daardie ewige reuk van drank:
14. nie een sou huil as hy bedank,
15. maar waar hy in die sirkustent
16. aapagtig teen die firmament,
17. hoog teen die takelwerk, kon klouter,
18. die dood uittart, en, klein kabouter,
19. sy duiwelstreke uithaal onder
20. dat almal skater vir die wonder,
21. is hy, hoeseer verag, verlate,
22. nog deur die baas beskou as bate.

r. 17 - 19 **Kontras**: Hy doen gevaarlike toertjies wanneer hy “hoog” in die lug klouter, maar “onder” laat hy die mense weer hardop lag.

r.18: **Metafoor**: Die hanswors laat ’n mens dink aan ’n kabouter wat klein en snaaks is.

23. Toe het ’n brief gekom eendag ...
24. Hy’t oor die bed gebuk, verblind,
25. terwyl die boggelvroutjie, sag,
26. sterwend fluister: “Dankie my kind ...”

r.23 Die plek het verander: Hy het ’n brief by die poskantoor, moontlik naby die sirkus, gekry. In die volgende reël is die hanswors moontlik in die ma/familielid se kamer of in die hospitaal.

r.21-22: *Ironies*: Sy kollegas verag hom, maar vir die baas is hy ’n bate.

13. *En daardie ewige reuk van drank:*
14. *nie een sou huil as hy bedank,*
15. *maar waar hy in die sirkustent*
16. *aapagtig teen die firmament,*
17. *hoog teen die takelwerk, kon klouter,*
18. *die dood uittart, en, klein kabouter,*
19. *sy duiwelstreke uithaal onder*
20. *dat almal skater vir die wonder,*
21. *is hy, hoeseer verag, verlate,*
22. *nog deur die baas beskou as bate.*

23. *Toe het 'n brief gekom eendag ...*
24. *Hy't oor die bed gebuk, verblind,*
25. *terwyl die boggelvroutjie, sag,*
26. *sterwend fluister: "Dankie my kind ..."*

r.23: **Inversie**: Omgekeerde woordorde
Funksie: Dit beklemtoon die brief wat die hanswors gekry het en laat die woorde rym (rymdwang).

r.23 **Ellips**: Woorde word uitgelaat.
Funksie: Dit dui tydsverloop en verandering van plek aan.

r.26: **Ellips:** Woorde word uitgelaat. Funksie: Die ma/familielid gee nie die spesifieke redes waarvoor sy haar seun bedank nie. Die leser word deel gemaak van die gedig en moet self die redes gee. Die ma/familielid sê dalk dankie vir die geld, dankie vir die maandelikse brief /dankie dat hy so 'n goeie seun was.

Toon en stemming

Toon: In hierdie gedig voel die spreker nagatief/ hartseer/ swaarmoedig teenoor die hanswors se kollegas. Die leser kry die hanswors jammer oor sy ongelukkige lewe en omdat hy so veroordeel word.

Stemming: Daar heers ’n hartseer stemming in die gedig alhoewel dit oor ’n hanswors in ’n sirkus gaan.

Aktiwiteit 9

Voltooi aktiwiteit 9 in die Studiegids: *Verskuns* vir Afrikaans Eerste Addisionele Taal, Graad 12 EAT Voorgeskrewe teks.

Lees die gedig weer deur en beantwoord die vrae:

9.1	Voltooi die sin. Hierdie hanswors het in ’n … gewerk.	(1)
9.2	Watter negatiewe effekte het die “afsigtelike boggel” (reël 1) op die hanswors se lewe gehad? Gee TWEE feite.	(2)
9.3	Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer (9.3) en die letter (A-D) neer. In versreël 3 word die woord “bitterder” … gebruik. A letterlik B ironies C figuurlik D sarkasties	(1)
9.4	Haal ’n WOORD uit strofe 1 aan wat daarop dui dat die mense die hanswors geterg het.	(1)

Aktiwiteit 9

9.5 Kies die woord uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (9.5.(a)-9.5.(d)) en die letter (A-E) neer.

KOLOM A	KOLOM B
(a) Die … het waardering vir talent getoon. (b) Die … was bevooroordeeld. (c) Die … was net gefokus op wins. (d) Die … is verstoot en beskinder.	A sirkusbaas B moeder C hanswors D kollegas E skare

(4)

9.6 Wat het die hanswors maandeliks by die poskantoor gedoen? (1)

Aktiwiteit 9

9.7	"Met klere wat gedurig gaar is, "wat doen die vent met sy salaris?" (reël 7-8) 9.7.1 Sê in jou eie woorde wat fout was met die hanswors se klere. 9.7.2 Wat het die hanswors met sy geld gedoen?	 (1) (1)
9.8	"die dood uittart, en, klein kabouter," (reël 18) Benoem die onderstreepte halfrym.	(1)
9.9	Haal 'n REËL aan wat vir ons sê dat die hanswors hartseer was oor die nuus van sy ma/familielid.	(1)
9.10	Gee 'n voorbeeld van ironie uit die hanswors se lewe.	(2)
9.11	Stem jy saam dat mense in die alledaagse lewe ook teenoor mense met gebreke optree soos die sirkusmense teenoor die hanswors? Gee 'n rede vir jou antwoord.	(1)
9.12	Watter lewensles kan jy uit hierdie gedig leer?	(1)
		[18]

PRENT	VRAAG	PRENT WEBADRES
	Gedig nr. 9 Hanswors	https://image.shutterstock.com/image-vector/sad-cartoon-vector-hunchback-design-600w-1315835135.jpg
	Gedig nr. 9 Hanswors	https://media.istockphoto.com/photos/man-worried-about-his-monthly-payments-picture-id843252724?k=20&m=843252724&s=612x612&w=0&h=kcfYP-Cu-Y560H6TZMb7xzPZ9A2EO_Iibo-4V6fymXU=
	Gedig nr. 9 Hanswors	https://image.shutterstock.com/image-vector/vector-illustrationcircus-silhouettes-600w-93324187.jpg
	Gedig nr. 9 Hanswors	https://c8.alamy.com/comp/BMR112/elderly-woman-crossing-street-france-BMR11 https://c8.alamy.com/comp/BMR112/elderly-woman-crossing-street-france-BMR112.jpg 2.jpg
	Gedig nr. 9 Hanswors	https://www.google.com/url?sa=i&url=https%3A%2F%2Fwww.dreamstime.com%2Fphotos-images%2Flion-cage.html&psig=AOvVaw2uv3yaSLpaKuobeCVRFH40&ust=1666273786515000&source=images&cd=vfe&ved=0CAwQjRxqFwoTCPjim9u37PoCFQAAAAAdAAAAABAE

Dankie.

www.education.gov.za

Facebook: DBE SA
Twitter: @DBE_SA

Callcentre@dbe.gov.za
Callcentre: 0800 202 933